

11 Desember

1 Korintiërs 3:10-22 (3:19)

Wysheid van die wêreld dwaasheid by God

Paulus lê aan die Korintiërs 'n pragtige kant van sy lewens- en wêreldbeskouing bloot.

"Toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie" (1 Kor. 2:1). Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God. In hoofstuk 3 lees ons: "Niemand moet homself mislei nie. As een van julle dink dat hy volgens die maatstaf van hierdie wêreld 'n wyse man is, moet hy dwaas word sodat hy werklik 'n wyse mens kan word, want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God".

Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlijkheid gekruisig het nie. En dit loop vir ons, sy gelowige volgelingen, uit op die wonderlikste boodskap duskant die graf en die dood: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet".

Kom laat ons met dankbare harte "getuies van die Here Jesus Christus wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld".

Sing: Psalm 38:1, 5

Ds. F.J. du T. Lessing (Nelspruit)